

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR

DR PHILIP THEUNISSEN

SLOT

Erfopvolging behels 'n hele aantal aspekte en die besluitneming en beplanning daar rondom beïnvloed baie mense se lewens. Daarom is erfopvolging meer as net die opstel van 'n testament, die uitneem van lewenspolisse of die oprigting van 'n trust. Erfopvolging gaan oor die vrywillige oorgee van die boerdery vanaf die huidige eienaar na 'n volgende eienaar op 'n voorafbepaalde tydstop. Die veronderstelling is gewoonlik dat die nuwe eienaar die boer se kind of kinders is en dat die boer nie voortydig te sterwe gaan kom nie. Gevolglik is hierdie oorgang aan spesiale en soms unieke voorwaardes of reëlins onderhewig wat normaalweg nie by 'n gewone koop- en verkooptransaksie gevind word nie.

Familiebehoefes

Die beplanning vir erfopvolging moet betyds gedoen word met inagneming van die hele familie (ouers, minderjarige kinders, meerjarige boerende kinders en nie boerende kinders) se lewensbehoefes, die uittredende geslag se aftreeplanne en ook die oorgangsmatreëls wat gevolg gaan word. Om dit te kan doen is daar verskeie aspekte wat gedurende die beplanning en die uitvoering van die planne aandag moet geniet. Die familie se emosies en persoonlike behoeftes speel 'n belangrike rol by erfopvolging. Dit beteken dat die samewerking van al die familielede 'n belangrike aspek van 'n goeie erfopvolgingsplan is. Dit is die familielede wat uiteindelik die plan moet implementeer en wat tevrede met die uitkoms daarvan moet wees. Die effektiwiteit van die erfopvolgingsplan uit 'n besigheids- sowel as 'n familieperspektief, hang dus af van mense se bereidwilligheid om in 'n unieke situasie saam te werk.

Die boer behoort homself 'n aftrede te gun. Hy moet betyds daarvoor beplan en vroegtydig sorg dat daar genoeg nie-boerdery inkomste is om die aftrede mee te finansier. Sodoende plaas hy minder druk op die boerdery om die aftrede te finansier en gee hy die volgende geslag op die plaas genoeg geleentheid om 'n lewensvatbare boerdery voort te sit. Hy moet poog om regtig af te tree en nie net terug tree om later weer te kan optree nie.

Die oordrag

Dit is vir die meeste boere 'n lewensdroom om die boerdery eendag aan die volgende geslag oor te dra. Die rede hiervoor is dat die oordrag van 'n boerdery nie oornag kan plaasvind nie. Daar is verskeie aspekte wat geïdentifiseer moet word en bespreek moet word lank voor die beplande datum van oordrag sodat daar verseker kan word dat die ouers en die kinders tevrede met die reëlins is.

Dit is belangrik dat daar tussen die drie begrippe van erfopvolging, vererwing en aftrede onderskei moet word. Erfopvolging is die proses wat op die oordrag van bestuursbeheer en kontrole betrekking het terwyl vererwing bloot die oordrag van rykdom en eienaarskap is. Aftrede fokus weer op die jare na die aktiewe werk op die plaas. Hoewel hierdie drie aspekte onderskei kan word, is daar tog baie interafhanklikheid tussen die drie wat in die hele proses van erfopvolging aangespreek moet word.

Die ideale oordrag is een waar die verantwoordelikheid geleidelik vanaf die vader na die seun verskuif. Dit kom daarop neer dat die seun eers vir die pa werk, dan saam met sy pa werk en dat die pa uiteindelik vir die seun werk. Daar is verskeie faktore wat die tydstop en omvang van die bestuursoordrag beïnvloed.

‘n Billike verdeling is uniek aan die boer se eie omstandighede. Dit sal baie van sy familie se samestelling afhang en sterk beïnvloed word deur sy eie persoonlike voorkeure. Die erfopvolgingsplan van een boer sal uiteindelik dus wesentlik van sy buurman s’n verskil, al is hulle omstandighede baie dieselfde.

Waar daar boerende sowel as nie-boerende kinders in die familie betrokke is, is die moeilikste aspek dié van billikheid of gelykheid. ‘n Erfopvolgingsplan wat ‘n gelyke verdeling tussen die kinders voorstel is nie noodwendig billik teenoor al die kinders nie. Een wat billik is, is meestal weer nie gelyk nie. Die probleem is dat die boerdery as ‘n lopende saak deur die boerende kinders voortgesit moet word. Om dit te kan doen moet daar genoeg kapitaal binne die boerdery gelos word. Dit het tot gevolg dat die nie-boerende kinders nie ‘n gelykmatige deel van die boedelwaarde gaan ontvang nie en dat hulle ‘n gedeelte gaan verbeur sodat die boerdery lewensvatbaar kan bly ter wille van die boerderende kinders.

Tydens die meeste erfopvolgings vind die oordrag van arbeid eerste plaas. Die erfopvolging kan nie hier stop nie en die oordrag van bestuur asook die uiteindelijke oordrag van eienaarskap moet ook plaasvind. Die gladde oordrag van veral bestuur en eienaarskap is ‘n sleutelaspek van die hele proses en daarom is daar ondersteunende komponente ook betrokke soos familiedeelname en kommunikasie, aftreebeplanning vir uitredende familieledes en ‘n gebeurlikheidsplan vir onvoorsiene gebeure. Uiteindelik moet die erfopvolgingsplan ook op ‘n tydskedule vasgelê word sodat daar besliste doelwitte op sekere tydstoppe behaal kan word.

Doelwitte

Erfopvolging is nie ‘n oefening wat onmiddelik tot die letter van die woord uitgevoer kan word nie. Hoewel daar voortdurend op die breër doelwitte gefokus moet word, moet daar altyd ruimte gelaat word om die fyner besonderhede telkens aan te pas soos wat die aanvanklike doelwitte gewysig word. By die stel van doelwitte moet daar dus sekere besluite geneem word rondom die kritieke aspekte soos eienaarskap, beheer, sekuriteit, huisvesting van die betrokkenes en die kwessie van ‘n gelyke of billike verdeling van die boedel.

Net soos wat houtwerkinstrumente verskeie resultate in verskillende skrynwerkers se hande sal oplewer, so sal erfopvolgingsinstrumente ook verskeie resultate onder verskillende omstandighede oplewer. Dit is belangrik dat daar kennis gedra moet word van die werking, voor- en nadele van elke instrument wanneer die erfopvolgingsplan opgestel word. Die unieke omstandighede van elke boedel en die persoonlike behoeftes van die boer en sy erfopvolgers, sal bepaal hoe die verskillende instrumente ingespan gaan word om die beste erfopvolgingsplan te formuleer. Uiteindelik moet al die betrokke partye tevrede gestel word terwyl die plan bekostigbaar en ekonomies uitvoerbaar moet wees.

Suksesvolle erfopvolging kan net gebeur as daar goeie beplanning plaasgevind het en indien al die betrokkenes gemotiveerd is om die plan uit te voer. ‘n Erfopvolgingsplan betrek gewoonlik die hele familie en daarom moet al die betrokkenes tevrede wees met hulle rol binne hierdie plan.

Besigheidsvorme

Die tipe besigheidsvorm, of kombinasie van verskeie besigheidsvorme, is ‘n belangrike deel van erfopvolging. Dit is die voertuig waarmee die boerdery van een geslag na ‘n volgende oorgedra kan word. Die vernaamste besigheidsvorme is ‘n eenmansaak, vennootskap, beslote korporasie, maatskappy of trust.

Die beste ondernemingsvorm vir die boer se erfopvolgingsplan moet gemeet word aan die hand van die voordele wat dit ten opsigte van die volgende bied:

- Die hoeveelheid beheer wat die boer oor die boerdery en oor die bates wil uitoefen;
- Die kontinuïteit wat nagestreef word;
- Die nodigheid om eers 'n tussentydse reëling te tref (soos in die geval van minderjarige kinders) en of daar vanuit die staanspoor 'n permanente reëling getref moet word;
- Die aantal erfopvolgers;
- Boerende en nie-boerende erfopvolgers;
- Belastingoorwegings.

Trusts is vir geruime tyd lank reeds baie gewild vir erfopvolging. Wysigings aan die belastingwette gedurende die afgelope paar jare het egter getoon dat trusts eerder belastingnadele teenoor ander besigheidsvorme het hoewel dit nog steeds voordele ten opsigte van erfopvolging bied. Dit is daarom belangrik dat 'n trust deel van 'n weldeurdragte erfopvolgingsplan moet wees.

Belasting

Wanneer bates van eienaar verwissel wil die Ontvanger gewoonlik ook sy deel hê. Belasting is gevolglik 'n belangrike aspek by erfopvolging omdat bates uiteraard van eienaar gaan verander. Ongelukkig is verskeie belastingvorme by erfopvolging van toepassing en nie net 'n enkele een nie. Bykans al die belastingvorme moet dus by erfopvolging in berekening gebring word.

Die volgende belastingvorme het 'n invloed op erfopvolging:

- BTW;
- Inkomstebelasting;
- Kapitaalwinstbelasting;
- Boedelbelasting; en
- Skenkingsbelasting.

Die testament

Dit is nie wenslik vir veral 'n boer om sonder 'n testament te sterf nie. In so 'n geval sal die staat self volgens die gemene reg besluit wat met die afgestorwene se bates gaan gebeur. Die uitwerking daarvan is dat al die bates in 'n pot gegooi word waar dit geroer gaan word en volgens 'n vasgestelde rangorde gelykop onder die naasbestaendes verdeel gaan word. Die groot voordeel van 'n testament is dus dat die opsteller volgens sy eie oordeel en magte kan besluit hoe sy bates verdeel moet word sodat dit sy erfgename se omstandighede die beste sal pas. In die geval van 'n boerdery, waar daar baie bates by betrokke is en waar daar boerende en nie-boerende erfgename kan wees en moontlik ook nog 'n wederhelf kan wees wat finansiële versorging moet word, is dit dus van deurslaggewende belang dat daar 'n behoorlike testament moet bestaan.

Dit is ook, veral vir 'n boer, nie wenslik om 'n testament by die plaaslike bank of versekeringsmakelaar te laat opstel nie. Die boerdery se rekenmeester of prokureur en selfs 'n familielid, wat die reg het om 'n professionele eksekuteur aan te wys, is by verre 'n beter opsie vir die keuse van eksekuteur. Die rede vir bogenoemde is eenvoudig: handelsbanke en versekeringsinstansies is net om een rede eksekuteurs en dit is om maksimum inkomste daaruit te verdien terwyl die rekenmeester of prokureur, wat tydens die lewe van die testateur reeds professioneel by hom betrokke was, meer daarop ingestel is om die boerdery se besigheidsbelange te bevorder. Dit is dus meer wenslik om die testament by die plaaslike prokureur te

laat opstel en dan self daarin te spesifiseer wie die eksekuteur moet wees, selfs al is daar 'n koste aan die opstelling van die testament verbonde. Op die lang duur gaan dit waarskynlik meer voordele inhou as om die testament by die bank of versekeringsmakelaar te laat opstel.

Die bereddering

Met al die erfopvolgingsplanne en ook 'n goedopgestelde testament in plek, sal die onvermydelike oomblik wel aanbreek wanneer een van die betrokkenes te sterwe kom, hetsy tydig of ontydig. Wanneer dit gebeur word 'n uiters tegniese proses aan die gang gesit wat ook soms baie omslagtig vir die oningeligte kan wees.

Dit neem ten minste vier maande om 'n boedel af te handel maar indien probleme opduik kan dit selfs 'n paar jaar duur om die boedel te beredder. Die beredderingsproses lei dikwels tot baie frustrasie vir die erfgename omdat hulle nie altyd die proses verstaan nie. Sekere stappe móét egter gevolg word en die eksekuteur moet sekere pligte uitvoer. Hierdie proses is aan die verkryging van bewysstukke onderhewig en sekere wetsvereistes moet ook in die proses nagekom word. Verskeie faktore vertraag egter die proses en dit kan aan die volgende toegeskryf word:

- Daar is geen testament nie;
- Daar is geen eksekuteur benoem nie;
- Daar is uitstaande belasting wat betaal moet word;
- Die waardasies van bates moet deur die Ontvanger goedgekeur word;
- Relevante dokumente is nie beskikbaar nie;
- Daar is 'n kontanttekort in die boedel;
- Sakebelange, soos 'n boerdery, moet gelikwideer word;
- Eise word betwis;
- Beperkte regte, soos vruggebruik, moet beëindig word;
- Verdragings by die Meester se kantoor.

Die bereddering van 'n boedel neem onvermydelik baie tyd in beslag. Hoe beter die erfopvolgingsplan opgestel is en hoe meer die oorledene vooraf reeds sorg gedra het dat sy erfopvolgingsplan in plek is, hoe minder omslagtig gaan die beredderingsproses wees en hoe gouer kan die boedel afgehandel word.

BETHLEHEM
Maart 2005